Teen Sermon: God Has a Plan – for You Too! Jeremiah 29:11

Jeremiah 29:11

'For I know the plans I have for you," declares the Lord, "plans to prosper you and not to harm you, plans to give you hope and a future. '

Introduction



This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC-ND

Show a picture or short video of Nick Vujicic.

Nick was born without arms and legs. Can you imagine how it would feel to be without arms or legs?

He was bullied. He experienced depression. He didn't want to live anymore.

But then he discovered Jeremiah 29:11. He began to believe that God could do something bigger with his life. Today, he speaks right across the world and brings hope to millions of people. Nick uses his own life as an example to lead others to Jesus. If God could give Nick a future and hope, He can do it for you too.

Have you ever wondered about your life?

"What will become of me?"

"What is the purpose of my life?"

"Do I really matter?"

Many teenagers feel:

I am not good enough. Remember – God made you, therefore you are good enough.

I have made too many mistakes. Remember that Jesus can forgive your sins if you sincerely confess your sins and try not to do them again.

No one sees my potential. God sees and knows what your potential is.

God has a plan for all of our lives. What is God's plan?

Prosperity – not just money, but inner peace and spiritual growth.

Not adversity – you may have challenges. You will go through difficult times. However, God is with you through difficult times and will carry you through.

A future and an expectation – something to look forward to! The most important thing is to look forward to one day going to heaven where Jesus has prepared a place for all of us.

Prayer

Lord, help me to believe that You really do have a plan for me.
Even when I am uncertain, I want to trust that You know what You are doing.
I give my dreams and my fears to You, show me the way forward.
Thank You that I am important to You.
Amen.

Tienerpreek: God het ’n plan – ook vir jou! **Jeremia 29:11 (AFR83)**

Jeremia 29:11 (AFR83) “Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!”

Inleiding

Wys ‘n prent of kort video van Nick Vujicic.

Nick is gebore sonder arms en bene. Kan jy jou indink hoe jy sal voel om sonder arms of bene te wees ?

Hy was geboelie. Hy het depressie ervaar. Hy wou nie langer lewe nie.

Maar toe ontdek hy Jeremia 29:11. Hy begin glo dat God iets groter met sy lewe kan doen. Vandag praat hy reg oor die wêreld en bring hoop vir miljoene mense. Nick gebruik sy eie lewe as voorbeeld om ander mense na Jesus te lei. As God vir Nick ’n toekoms en verwagting kon gee, kan Hy dit vir jou ook doen.

Het jy al gewonder oor jou lewe?

“Wat gaan van my word?”

“Wat is die doel van my lewe?”

“Maak ek regtig saak?”

Baie tieners voel:

Ek is nie goed genoeg nie. Onthou – God het jou gemaak daarom is jy goed genoeg.

Ek het al te veel foute gemaak. Onthou dat Jesus jou sonde kan vergewe as jy dit opreg bely en probeer om dit nie weer te doen nie.

Niemand sien my potensiaal raak nie. God sien en weet wat jou potensiaal is.

God het egter ‘n plan vir ons almal se lewe. Wat is God se plan?

Voorspoed – nie net geld nie, maar innerlike vrede en geestelike groei.

Nie teenspoed nie – jy gaan dalk uitdagings hê. Jy sal deur moeilike tyde gaan. God is egter deur moeilike tye by jou en sal jou dra.

’n Toekoms en ’n verwagting – iets om na uit te sien! Die belangrikste is om uit te sien daarna om eendag hemel toe te kan gaan waar Jesus vir ons almal ‘n plek voorberei het.

Gebed

Here, help my om te glo dat U regtig ’n plan vir my het.
Selfs wanneer ek onseker is, wil ek vertrou dat U weet wat U doen.
Ek gee my drome en my vrees vir U, wys my die pad vorentoe.
Dankie dat ek vir U belangrik is.

Amen.